NEUTEDOPPER

GEREFORMEERDE KERK AKASIA

VOLUME 25
NR 7
26 FEBRUARIE 2017

OGGENDDIENS 9:00

Lees: Efesiërs 1 en Sondag 21
Kernvers: Ef.1:13
Tema: Die genade om deel te wees van die kerk van Christus.
Sang: Ps.84:2 ; Ps.146:1,8 ; Skr.12-3:1,2 ; Ps.130:2 ; Ps.89:1,2 : Ps.100:1,2,3,4

Opsomming. 1. Wie is die kerk? Die kerk is die verbondsvolk van God. God het sy kerk al voor die skepping gekies om aan Hom te behoort. Hy het sy kerk deur sy Seun uit die dood na die lewe oorgebring. Die kerk is die gelowiges wat deur Jesus Christus aan God behoort. **2. Hoe word ek deel van die kerk?** Jesus Christus, die Seun van God maak sy kerk bymekaar deur sy Gees en sy Woord. Deur die Evangelie van verlossing te hoor en in Christus te glo, word 'n mens deel van Christus se kerk. Met hierdie woorde leer God ons dat sy Woord, die Evangelie van verlossing baie belangrik, dit is lewensnoodsaaklik is. Die Here maak ook hier bekend dat die mens wat nie deel van Christus se kerk is nie, nie deel aan die verlossing deur Christus het nie. **3. Hoe leef mens in die kerk?** Die kerk leef deur die Heilige Gees. Die kerk, die Christengelowiges leef in innige geloofsgemeenskap met God die Vader en ons Verlosser Jesus Christus. Die kerk ken Jesus Christus deur die Heilige Gees. Die kerk leef met geloofsekerheid van volmaakte vergewing van sonde. Die kerk loof en prys God. Die kerk leef met die oog op die ewige toekoms.

PREKE: http://www.gkerkakasia.org.za/preek-opnames/

GELOOFSLEERBYEENKOMS 18:00

KOLLEKTES

Onder die diens: Diens van barmhartigheid (Diakonie)

By die deure: Oggend: Instandhouding van kerk en erediens (Kerkkas)
Vanaand: GKSA Emeritaatsversorging
Sp Kollekte:
5 Maart: GKSA Emeritaatsversorging
12 Maart: GKSA Sustentasie
26 Maart: GKSA Dankbaarheidsfonds (150jr)

KALENDER

Na die diens: Bewaring en Herwinning

Maandag: Emosionele Ondersteuning
Donderdag: Seniorlidmate: Ruit
Saterdag: Susterssaamtrek
Volgende Sondag: Toerusting
Donderdag 9/3: Seniorlidmate: Ete
Saterdag 11/3: Diakonie: Ontbyt Kinderhuisprojek
Woensdag 15/3: Finansies
Donderdag 16/3: Seniorlidmate: Ruit
Woensdag 22/3: Administrasie
Donderdag 23/3: Diakonie

MEELEWING

Pierre Prinsloo het toetse ondergaan wat weer kanker opgespoor het. Ons dra jou aan ons Vader in die hemel op en ons weet Hy hou jou en jou gesin in sy hand. (B3, 0832822326)

Pieter Henning is steeds in Steve Biko. (D2, 0125427622 / 0835220556)
Martie Strydom sterk tuis aan. (D2, 0824134752)
Ons dink aan julle en bid vir beterskap.

VERJAARSDAE Gelukkige verjaardag!

Geb dat	Noemnaam	Van	Wyk	Landlyn	Selfoon
26/02	Janel	Venter	B1		0763151678
26/02	Johan	Vreugdenburg	D1	0125421551	0723721946
27/02	**Pieter**	**De Necker**	**C7**	**0125654735**	**0834492131**
01/03	**Martie**	**Bishop**	**D4**	**0125422566**	**0835914171**
01/03	Martin	Volschenk	A2		0827081552
01/03	Minette	Van Staden	A1	0125494198	0745878228
02/03	Corli	Smith	C2		0727661428
04/03	**Anita**	**Pio**	**A3**	**0125421337**	**0722971732**

BYBELSTUDIE

Amandasig: Donderdag 2 Maart 2017 (10:00) Huis Nr 37. Kontak Annatjie Briel 0125656046/+27723688939 (1ste en 3de Donderdag van die maand)

Eden: Dinsdag 7 Maart 2017 (09:30) by Martie Jansen van Vuuren Kontak: Dina Leibowitz 0125425141/ +27833204566 (1ste en 3de Dinsdag van die maand)

Snr 2000: Dinsdag 28 Februarie 2017 (10:15) aan huis van Elsa de Waal huis 7. Kontak: Danie Malan 0125424241 /+27842233315 (2de en 4de Dinsdag van die maand)

Theresaburg: Dinsdag 28 Februarie 2017 (9:00) Kontak: Nella van der Deventer 0125422688 / +27848022262 (2de en 4de Dinsdag van die maand)

Pak vandag jou rugsak vol geloof en stap die dag in met die vaste vertroue dat Jesus in elke behoefte sal voorsien

FINANSIES

My dankoffer: Hoe moet ek die begrip "tiende" verstaan?

In die Ou Testament loop ons die begrip "tiende" raak. "Tiende" is die naam van die dankoffer wat die Verbondsgod vir sy verbondsvolk, dit is vir sy kerk, ingestel en beveel het om na te kom.

In die Ou Testament het die "Tiende" werklik 'n tiende van 'n mens se inkomste beteken. Soos die nuwe kalweroes verby die beesboer gestap het, moes hy elke tiende kalf uitkeer as sy dankoffer vir die Here. Die graanboer moes weer elke tiende gerf koring uitkeer as sy dankoffer. Van hierdie tiende het 'n deel na die tempel van die Here gegaan en 'n deel na die paleis van die koning. Naas die "Tiende" was daar egter ook ander offergawes wat die verbondsvolk moes gee. Die "Tiende" was dus net 'n deel van die verbondsvolk se dankoffers. Vir die bou van die tempel moes Israel bykomende dankoffers gee **(1 Kron.29:1-9.)** Die eerstelinge van alles moes ook aan die Here geoffer word. Die eerste seun en elke eersteling van die onrein diere moes vir vyf en vyftig gram silwer losgekoop word **(Lev.18:16.)** Die eerstelinge van die beeste, skape en bokke moes geslag en aan die Here geoffer word **(Lev.18:17.)** Hulle bloed moes teen die altaar gesprinkel word. Die vet moes verbrand word en die vleis is na die priesters dat hulle kan leef.

In die Nuwe Testament na Christus se kruisiging en opstanding het die dieper betekenis van die "Tiende" duideliker na vore gekom. *"Al was hulle swaar beproef deur verdrukking, hulle blydskap was oorvloedig, en al was hulle baie arm, hulle was ryk in hulle oorvloedige vrygewigheid. Ek verseker jullehulle het na vermoë, ja, bo vermoë bygedra. Uit eie beweging het hulle by ons aangedring om te mag deel in die liefdeswerk van hulpverlening aan die gelowiges in Judea. Dit was meer as wat ons verwag het, want eers het hulle hulleself aan die Here gegee en toe aan ons. Dit is soos God dit wil"* **(2 Kor.8:1-5.)**

Hieruit is die volgende duidelik:

"Tiende" is baie meer as net 'n optelsom. Reeds in die Ou Testament was die verbondsvolk se dankoffers meer as bloot 'n tiende van hulle oes. Die tiende is in werklikheid direk verbind aan die seën wat die Here gee. Hoe meer die seën, hoe meer die dankoffer, selfs meer as 'n tiende van die oes.

Die “eerstelinge” wys daarop dat ek my dankoffer vir die Here gee met die gesindheid dat die Here eerste in my lewe is, dat alles wat ek het, aan Hom behoort, dat my dankoffer vir die Here belangrik is en nie net ‘n uitgawe in my begroting wat ek aangaan indien dit moontlik is nie. Hierby kom nog die beginsel dat my dankoffer die beste moet wees, wat ek vir die Here kan en wil gee.

Daar is ‘n direkte verband tussen “Tiende” en my verhouding met die Here. Wanneer ek naby die Here leef, gee ek my dankoffer na my vermoë en selfs bo my vermoë.

SUSTERS

Teebeurte
Februarie: C3 en C4 Maart: C5 en C6 April: C7 en D1

Versorging van besoekende teologiese student
Ons gemeente kry vanaf 3 – 31 Maart ‘n teologiese student, Josef Hibbert, wat hier kom prakties doen in die gemeente. Ons wil baie graag vir Josef hier by ons tuis laat voel.

Simon Lessing het aangebied dat die student by hom tuisgaan. Die susters van ons gemeente wil egter vir Simon help met die versorging deur kos te voorsien. Dit behels die volgende:
1. ‘n Middagete elke dag vir 2 persone. Jy kan self die etes voorberei of die etes borg. By die susterskennisgewingbord is daar ‘n rooster waar mense wat wil help met etes julle naam by die betrokke dag kan inskryf. Die borg van ‘
n ete is R 35.00 per persoon.
2. Bydraes van melk, koekies, beskuit, vrugte, ens. of kontantbydraes hiervoor. Skryf asseblief jou naam op die lys by die susterskennisgewingbord.

Dan gaan die student preek, besoeke, katkisasie en Bybelstudie behartig. Ons wil ook graag vir hom ‘n honorarium na die tyd gee. Enige lidmaat wat ‘n bydrae hiervoor wil gee, skryf ook jou naam op die lys hiervoor by die susterskennisgewingbord.

Herfstee – 25 Maart
Die Herfstee hierdie jaar is DV Saterdagoggend om 9:00 in die kerksaal. Die spreker by hierdie geleentheid is Shakinah Mulder.Sy het

enkele jare gelede ook hier opgetree. Sy is getroud met ds. Frikkie Mulder wat tans predikant is van die Gereformeerde kerke Durban en Amanzimtoti.

Shakinah praat in vlot Afrikaans oor ‘n baie belangrike saak, nl. Uit genade van die Islam geloof tot Christen. Daar gaan ook geleentheid wees vir vrae bv. Wat van die organisasie Gift of the givers, is daar lede van Islam wat meer gematig is, is Islam vriend of vyand?

Alle broeders en susters is welkom, ook uit ander kerke. Daar gaan ook ‘n mannetafel wees.

Ons benodig nog lidmate wat kaartjies kan verkoop en/ofas gasvrouens kan optree. Kaartjies is reeds by Manda beskikbaar @ R 60.00 pp. Ons verwag groot belangstelling, so koop asseblief vroegtydig ‘n kaartjie!

Huis Hermon
Gebruikte linne (insluitend handoeke) word benodig asook inkleurboeke, kleur- en vetkryt. Die items kan in die kerk voor die verhoog geplaas word (gemerk vir Huis Hermon) andersins kan dit afgegee word by Huis Hermon by 469 Genl De Wetstraat, Pretoria-Noord.

Huis Eljada (Boekenhoutkloofstraat 949, Claremont)
Met dankbare harte vir die milde reën wat ons ontvang het, is daar nou ‘n behoefte aan sambrele en reënjasse om die mense wat sopnat by die tehuis aankom te help. Tans word daar vir 14 gesinne (38 mense) die Woord, kos, klere en ander hulpmiddels voorsien om hul swaarkry te help verlig. Die volgende word benodig: stapskoene, asook: suiker, koffie, rooibostee, broodsmere - konfyt, bovril, grondboontjiebotter, stroop margarien en kookolie, pasta - makaroni, spaghetti NB!! HET BAIE RYS, blikkies - bully beef en groente (het genoeg vis), eiers, koekmeel, weetbix, hawermout, aanmaakkoeldrank, soppoeier, en soja. Die volgende skoolvakansie (31 Maart - 18 April) lê weer voor die deur en dit is dringend nodig om die kosvoorraad aan te vul om aan elke huisgesin te voorsien. Lidmate wat hulp wil aanbied kan die tehuis kontak by 012 377 0503 / 060 984 0809(Annatjie) of 079 377 5711 (Petro). Items kan ook voor die verhoog in die kerk geplaas word gemerk vir Huis Eljada.

BEWARING EN HERWINNING

Die Bewaring- en herwinningsdiensgroep vergader DV Sondag 26 Februarie na afloop van die erediens. Lidmate wat belangstel om betrokke te raak word uitgenooi om die vergadering by te woon. Die diensgroep versamel, sorteer en lewer herwinbare items af sodat dit verwerk kan word vir hergebruik. Ons het ‘n Bybelse roeping tot die bewaring van die omgewing. Ons maak ‘n verskil aan ons omgewing al is dit hoe klein omdat elke item wat by die kerk afgegee word vir herwinning help dat minder grond aan stortingsterreine afgestaan word, die onmiddelike omgewing nie ontsier word nie, minder grondstowwe en elektrisiteit vir die vervaardiging gebruik word en dus minder lugbesoedeling veroorsaak.
Die volgende items is herwin vanaf die vorige vergadering op 28 Augustus 2016 in vergelyking met die vorige 6 maande tydperk van 6 Maaart tot 28 Augustus :
Glasbottels: 1204 kg (vorige tydperk: 380kg), wit papier: 583 kg (vorige tydperk: 142kg), plastiekbottelproppies: 102 kg (vorige tydperk: 64kg), plastiekbottels: 53 kg (vorige tydperk: 46kg), alluminiumblikkies: 800 gram (vorige tydperk: 17.8kg). Die bedrag van R1570 is vir die kerk inbetaal teenoor die vorige tydperk se R570.

Ons vra dat lidmate steeds ons pogings ondersteun deur die volgende herwinbare items kerk toe te bring en in die houers soos volg geplaas word: ○A4 - wit papier: by die verhoog in die kerksaal, ○ander papier en glasbottels: in die onderskeie houers langs die omheining van die huurhuis, ○broodsakkieknopies en plastiek bottelproppies: by die verhoog, ○skoon plastiekbottels en alliminiumkoeldrank en –bierblikkies: in die houers wat daarvoor gemerk is by die buitewasbakke. Alliminiumblikkies is nie blikkies waarin kos verpak word nie. Die verskil word met ‘n magneet bepaal. Die alluminiumblikkie kan nie met ‘n magneet opgetel word nie, slegs blikkies met metaal in.

SENIORLIDMATE

Ruit
Die volgende byeenkoms is DV Donderdag 2 Maart om 9:00 by die pastorie.

Seniorlidmate-ete
Alle lidmate ± 65 en ouer word hartlik uitgenooi na die volgende ete DV 9 Maart om 12:00 op die plot van Annatjie van Wyk. Dit is ‘n braai en die koste is R 35 per persoon.
Skryf asseblief julle name op die lys by die susterskennisgewingbord en onthou eie eetgerei.

LEKTUUR

In die Mediateek 109

Boek: Leef ‘n lewe *sonder* beperkings – Oordenkings om die beste in die lewe te ervaar: Nick Vujicic

Glo jy regtig dat ***enigiets*** moontlik is vir God?

Nick Vujicic weet daar is geen groter hoop as om te vertrou in God se plan vir jou lewe nie. Nick is sonder arms en bene gebore en het die dieptes van wanhoop asook die nimmereindigende vreugde van hoop beleef. Hy het sy omstandighede en fisiese beperkings oorkom deur die wete dat God onbeperkte krag en liefde vir elke mens het.

Die boek bevat 50 oordenkings. Nick deel hier sy verstommende wysheid en Bybelse raad om jou te help om struikelblokke te oorkom rakende aspekte soos geloof, verhoudings, jou beroep, woede, gesondheid, selfbeeld en twyfel in jou drome vir jou toekoms.

(Kom lees gerus ook die ander boeke van Nick Vujicic wat in die Mediateek beskikbaar is)

VRYDAG KOMBUIS

Baie dankie vir julle ondersteuning. Daar is vir Januarie en Februarie R6 524-00 aan die Administratiewe Buro oorbetaal.
Spyskaart: Worsrolle R22; Sosatierolle R25 (Bees of hoender); hoenderstukke R25-00 Hamburger R30.
Bestellings kan geplaas word by enige van die volgende adresse/nommers:
Roelf Jansen van Vuuren vuurenlin@gmail.com / 0828011824
Ina du Plessis iduplessis99@gmail.com / 0827603007 of
gkakasia@lantic.net

STOOMTREIN NA CULLINAN

Die Seniorlidmate Diensgroep organiseer 'n treinrit na Cullinan DV op Donderdag 27 April 2017. (Dis 'n vakansiedag). Koste beloop : R 275 pp vir volwassenes ; R225 pp vir pensioenarisse (bo 65) ; R175 vir kinders en R125 vir kleuters. Vertrek 08:00 vanaf Hermanstad en terug ongeveer 18:00. Daar's veilige parkering by vertrekpunt. Alle lidmate welkom om saam te reis. Kontak asb so spoedig moontlik vir Simon Lessing (542 2292). Ons wil graag nie later as Sondag 26 Februarie weet hoeveel lidmate gaan meemaak. (Daar's afslag ter sprake indien ons meer as 15 is).